

*Die Hottentotte aan die Kaap voor die tyd van  
Van Riebeeck soos opgeteken deur Jodocus Hondius*

deur

**A. J. D. MEIRING, M.Sc., Ph.D.**

Voor 1652 was die begrip „Donker Afrika” van toepassing tot die suidelikste punt van Afrika en sy binneland ten spyte van die skepeverkeer wat al vir bykans twee eeue om Kaappunt geseil het. Weliswaar was die kus tussen St. Helena en Mosselbaai bekend en gebruik as ’n plek waar ankers neergelaat kon word om die skeepslui ’n wyle te laat rus, om vars water en wildsvleis aan boord te neem en postukke onder die posklip uit te haal of ander weg te bêre voor die lange skof aangepak is terug na Nederland of verder na Indië en Batawië.

Van die binneland was daar min bekend maar onder hierdie besoekers was daar ook opletende en nuusgierige mense wat deur die nuwe geheimsinnige omgewing, met sy vreemde plante, diere en mense, geprikkel was om kort ontdekkingsreise te onderneem. Hul waarnemings was of te boek gestel of mondelings oortel en al is baie daarvan verlore gegaan, is sommige van die vergetelheid gered. So het Jodocus Hondius, „Land- en Zee-Kaart-maker, aan ’t opgaan der Beurze in den Wakkeren Hond”, in die jaar 1652 te Amsterdam ’n boekie uitgegee wat ’n versameling van hierdie inligtings bevat het, maar hy sê nie wie vir die opstel daarvan verantwoordelik was nie.

Tot onlangs is die enigste bekende eksemplaar in Suid-Afrika die een in die Suid-Afrikaanse Biblioteek, Kaapstad, wat veilig agter glas in die Fairbridge-afdeling te sien is en waarvan ’n afskrif tydens die Van Riebeeckfees uitgegee is met ’n inleiding en aantekeninge deur Prof. P. Serton.

’n Tweede volledige, oorspronklike uitgawe is onlangs in die biblioteek van die Nasionale Museum, Bloemfontein, „herontdek”. Die boekie is in uitstekende toestand met drie prente en ’n kaart en onderskrif Prof. Serton se veronderstelling dat die bedoeling was dat die kaart saam met die boek gebruik moes word (in die Van Riebeeck-uitgawe is die kaart ontleen uit die Mendelssohn-versameling in die Parlementsbiblioteek).

Soos te verwagte is, is daar baie leemtes in die beskrywings en selfs ook verkeerde inligting, maar ons kan dankbaar wees vir wat ons van ons land en sy bewoners ook hier kan leer ken soos hulle 300 jaar gelede daar uitgesien het. Dit is verbasend dat die ongenoemde skrywer, wat die land nie self geken het nie, sulke interessante feite gelewer het, en dit net deur die oë en waarnemings van ander.

Gelukkig gee hy baie kanttekeninge van die bronne en navorsing sal dus sy beskrywings kan onderstreep of andersom, maar die „Klare en de kort Besgryvinge van het Land aan Cabo de Bono Esperanca”, is iets waarvoor ons opreg dankbaar moet wees. Hierdie boekie was uitgegee in die jaar van die vertrek van Jan van Riebeeck, presies soos ook ’n menigvuldige vloed boeke en tydskrif- en koerantstukke 300 jaar later uit die land (en die wêreld) se drukkerie verskyn het tydens die Van Riebeeck-Herdenkingsfees van 1952.

Waar ons nog steeds onder die diepe indruk van ons Van Riebeeck-Herdenkingsfees verkeer, kan ons ’n paar interessante sinne wat betrekking het op daardie nuwe volksplanting aan die Kaap die Goeie Hoop uit die „Klare en de korte besgryvinge” herhaal. Op las van die „Ed. Agtbare Heeren Bewind-hebberden der Neder-lansghe Geoctrojeerde Oost-Indisghe Compagnie” was 5 skepe toegerus

om na die Kaap te seil. Drie, die „Fluyt de Reyger, 't Jagt de Drommedaris en 't Jagt de Goede Hoop” sou by die Kaap bly en het in die begin van 1652 „den vierden ofte vyfden Januarius” „uytgelopen”, gevolg 'n paar dae later deur „twe Kloekke Sghepen. 't Sghip der Walvisgh en 't Sghip d'Elephant.” 'n Sekere „Liefhebber”, te wete J. J. Wissink, het vir dié geleentheid 'n Lofdig gemaak. Hy het die Oos-Indiese Kompanjie as volg gelooft: —

„Zoo krygt de Wysheyd Land, en Rykdom ziid de Waerelt;  
 Di Staat verwonderd door 't verstand van Zeventiin:  
 Want *Indien* vol *Goud*, vol *Diamant*, *Gepereld*,  
 En andere sgone waar, komt vlyt zyn winste biin.  
*Roem-waarde Compagnie*, die door u Helden Daden  
 Den korzelen *Javaan*, trotst in zyn ejgen Land;  
*Bandees* en *Ambojnees*, met Specery geladen,  
 Di offeren haar vrugt, en kussen u de Hand.  
*Tarnaten*, *Cormandel*, het *Tarruw-Ryk Bengalen*,  
*Coutchien*, en *Mallabar*, en *Pegu* vol Roby,  
 Daar gaan u Kilen (wel-gemand) haar lading halen;  
 Zoo wint men Cent op Cent, zoo krygt de moeyte 't zyn.  
 Wat Toond het Neer-land niit Chinesees puyk van waren?  
*Japon* men brald alhiir met 't geen u konst vermag.  
 Ja! wasser nog een Werld men zowd'er henen varen.  
 Als Voordeel en Proffyt daar in verborgen lag.  
 Dat blykt aan deeze Togt, men doet vol Goede Hope  
 Die *Kaap van Goede Hoop*, als zonder zorgen aan,  
 En sgoon daar duyzenden van Mensgen-Eters lope:  
 Zy eten slegs malkaar, wy zyn gereed tot slaan.  
 Ik zi het ingewand der hoge Bergen zoekken,  
 Op hoop van puyk Metaal. Den *Hottento* verbaast,  
 Di sidderd en de lild, ja sgynd de Tyd te vloekken,  
 Om dat ons Donder-bus tot lof van Holland raast.  
 Men trekt te Landwaards in doorsnuff'lend alle hoekken,  
 Men vind een beter Aard' van Mensgen, stel u sgrap.  
 Man-moedig Neer-landsvolk, gy vind door lang te seekken,  
 Gy hebt u s' Heeren wensg, dat 's puyk van Koopmansgap.

Anno 1652, in Amsterdam.”

J. J. WISSINK.

Hondius vertel verder hoe dat ses skepe wat op 19 Desember uit Batavië gevaar het, voor die koms van Van Riebeeck, by die Kaap aangedoen het waar hulle sekere geskut en ses perde moes aflai om in die nuwe „Fort” te dien. Omdat Van Riebeeck nog nie aangekom het nie, het hulle 3 perde aan wal gesit en vertrek. Op 23 en 25 Jan. 1652 het nog 5 skepe van Batawië vertrek maar alleen die Salmander het op 10 April by die Kaap uittreke, waar hy die Reyger, die Drommedaris en die Goede-Hoop gevind het, wat volgens Hondius „daar omtrent agt dagen voor haar komst geweest hadden.” Hulle was al besig aan die bou van die Fort „aan d'Oostsyde van de Zoete Rivier met vier Punten.” Bes moontlik 'n fout en moes „Varsghe Rivier” wees daar die „Zoete Rivier” of „Rio Dolce” in Valsbaai uitgemond het. Toe die Salmander vertrek het was die mure van die Fort alreeds „vier voeten boven 'deerde.” Die skepe, die „Walvisgh en d'Elephant”, was enige oomblik te wagte terwyl die jag „de Haas” binne kort na die Kaap uit Amsterdam sou vertrek. Ten spyte van die feit dat die leeu-gevrete bene van een perd by Tafelberg gevind is, eindig Hondius sy relaas met „Zoo dat wy met Gods hulp, wat goedts van dit rowwe geweste te verwagten hebben: Dat Godt geve. Vale.” Ons weet dat hierdie wens meer as bewaarheid is.

Ten spyte van wat Schapera (*The Early Cape Hottentots: Van Riebeeck-vereniging*, 1933) as mees fragmentaries bestempel, is die „Klare Besgryvinge” 'n ryke bron van inligting omtrent die Kaap in daardie jare en het selfs gedien as bron vir latere skrywers soos Dapper (1668).

In sy bespreking in verband met die herkoms van die naam Hottentot heg Prof. J. du Plessis heelwat waarde aan Hondius se werk en hierin is ons geneig om met hom saam te stem. (*The name Hottentot*, Joernaal van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die Bevordering van die Wetenskap, band XXIX, Okt. 1932).

Noord van die Steenbokskeerkring was die legendariese ryk van Monomotapa terwyl suid van dié keerkring tot by en om die Kaap die Goeie Hoop was die land bekend as „Caffaria” of die Land van die „Caffres”, die volk sonder wet of godsdiens. Dit was die naam wat deur die Portugese aan al die ongelowige nieblanke inwoners gegee is, en al sluit dit wel in wat ons as Kaffers (of nou as naturelle) bestempel, het dit destyds ál die inwoners ingesluit, d.w.s. Hottentotte, Boesmans, Strandlopers en die Bantoes. Eers later is die naam „kaffer” net tot die Bantoe beperk en ons vind dus dat die naam van hierdie streek, „Caffaria”, later verval en oorgeskuif word tot die Suid-Oostelike deel van Suid-Afrika wat vandag nog as Kafferland of in Engels „Kaffraria” bekend staan en hoofsaaklik bewoon word deur die Khosas, Temboes, Fingos en Pondos.

Oor hierdie sogenoemde „Caffaria” het daar verskillende „Heeren” of Kapteins regeer, onderdanig aan geen Koning nie. Latere ontdekkers het ook gevind dat hoewel die algemene geaardheid en voorkoms van hierdie mense sterk ooreen gekom het, so veel so dat hulle as ’n volk beskou kon word, hulle uit ’n groot getal aparte groepe of stamme bestaan het sonder ’n sentrale, enkele gesag, maar elkeen met sy eie Kaptein. Weliswaar was daar Kapteins wat so uitstaande sterk was, dat hulle oor meer as een groep geheers het, maar nooit heerser was oor naasteby al die groepe nie. Gewoonlik was dié toedrag van sake maar van korte duur en die groepe het afgesplits en weer onder sy eie Kaptein sorteer. Hulle was ’n rondtrekkende volk, in ’n land sonder erkende bakens of grense. Die land wat hulle bewoon het en wat Van Riebeeck van naby leer ken het was omring van hoë, koue, rowwe, skerp en onbewoonde woeste berge, wat met sneeu bedek geraak het, die sogenaamde Berge van die Maan (Lunae Montes). Duskant die berge was die land heuwelagtig met grote en skone valleie, deurvloei met kronkelende riviertjies wat spoedig hul waters in die see gestort het. Verder was daar groot vleie omsom deur „Kreupel-ruyghte.” Daar was baie groen, welriekende „bosshazien” en „kreupelbosshen” Noord van die Kaap was die strand taamlik klipperig maar na die ooste was skoon sandgrond (duine) hoofsaaklik by Kaap Agulhas waar dit vir 40 myl, en nog miskien verder, ooswaarts gestrek het.

Die lug was uiters gesond en gematig en die aarde op sommige plekke „heel goed om te bezayen en is zeer bekwaam ende nut om te bewonen”. Daar was allerlei soorte vrugte en kruie. Naby die Kaap was die hout hard en kwasterig maar meer landwaarts was die bome nogal groot, een selfs groot genoeg om vir 100 man as skuiling te dien. Die waterryke valleie was groen oortrek, met bruikbare kruie, blomme en ruigtes, en diere was volop en van aller aard. Hondius gee ’n taamlieke volledige lys maar maak ’n fout waar hy ook herte noem. Takbokke is onbekend ten suide van die Sahara en hierdie bokke was bes moontlik ribbokke. Benewens troppe van hierdie soort was daar dasse, steenbokke, hase en konyne (? rooi hase van die berge), skilpaaie, baie renosters, jakkalse, ystervarke, wolwe (?), tiere (?), honde, elande, luiperds, baie leeus en in die omgewing van Mosselbaai ook olifante. Voëls was volop, waarvan baie soorte nog in ander streke van Suid-Afrika voorkom maar uitgeroei is by die Kaapse Skiereiland.

Van seekos was daar ’n oorvloed en het tot gevolg gehad dat party van die inheemse groepe uitsluitlik daarvan gelewe het. So vind ons langs die hele suidelike kus groot hope skulpe wat deur die sogenoemde *Strandlopers* versamel is en as hul vernaamste voedselsoort gedien het. Van hierdie skulphope is daar etlikes met ’n 8 tot 10 voet deursnit en meer. Dat hulle bekend was met die verwerking en gebruik van vuur, word bewys deur die groot ashope wat as lae kalkagtige as in so ’n skulphoop waargeneem kan word. Verder kom daar ook reste voor van bokke, voëls en vis. Volgens Hondius het hulle nie geweet hoe om hierdie vis te vang nie maar het langs die strand „de stinkende Azen der Vissghen” opgetel en rou verorber. Trouens word aangestip: „Alle gedierte eten sy met het ingewand met al op,

de darmen alleen wat uyt-gesghut sonder wasser soo als het geslagt of gevonden is, eeten sy al rauw met vellen met al op”.

Die mense wat rondom die Kaap gebly het en op hierdie wyse gelewe het was dus bekend as die *Watermans* of *Strandlopers*. Hulle was van middelmatige grootte, met maer liggame en geel van kleur. Volgens Dapper (*Kafrarie of Lant der Kaffers, anders Hottentots genoemt*, 1668) was hulle die armste onder die Hottentotte en het die naam gedra van Goringhaikonas. Volgens Hondius het hulle hul liggame met vettigheid besmeer wat hulle „seer Lelyk en sghier afgrysselyk maakt.”

Na die kant van Vleesbaai het 'n rooibruin stam gewoon van mense „kleender als al Nederlanders.” Hulle was ook *Strandlopers* en het probeer om hul gesigte swart te maak met verwe en die vuil hare het in „touwtjies” van die kop gehang. Altwee hierdie stamme was glo maar lelik en het bes moontlik alreeds 'n mate van verbastering met die Boesmans ondergaan. Hul vel, vol snye en brandplekke, was met vet ingesmeer en het gevolglik baie sleg geruik. Miskien ook gedeeltelik te wyte aan hul vrees om hulle met water „nat te maken”.

Naby die Kaap het daar 'n derde stam gewoon wat ons as egte *Hottentotte* kan beskou. Hulle was groot en nie baie swart nie met „gekrulde haar” (seker 'n mooi manier om van peperkorrels te praat), „ende wel gemaakt van Aangezigt en Leden.” Hierdie stam moes die Kaapmans (Goringhaiquas) gewees het en kon goed veg, soos uit verskeie skermutselings met die Nederlandse nedersetters geblyk het. Volgens Dapper het hulle die grond rondom die Kaap vir hulself toegeëien en probeer om die Nederlanders te verdryf maar hierin het hulle nie geslaag nie en het naderhand padgegee na die omgewing van die Oranjerivier. Verskeie ander stamme wat nie in Hondius genoem word nie het verder ooswaarts gewoon, en is later deur die Khosas geassimileer.

By gebrek aan deeglike kennis van hierdie mense, saam met die hoedanighede van die *Strandlopers*, het die skrywer van die „Klare Besgrywing” nie juis 'n hoë dunk van die Hottentotte gehad nie. Hulle was soos diere met uitsondering van die menslike natuur en het soms 'n klein vonkie verstand getoon. Die klappende geluid van hul taal („gelyk oft men op zyn duym knipte”) het volgens Hondius hulle die naam van Hottentot besorg. „Alle deze volkeren is haar spraake seer belemmerd, klokkende als kalkoensghe Hanen, ofte als de lieden in Duydsland by die Alpes doen, die door die Hardigheyd van het sneeu water dat sy drinken de kroppen krygen, het welke geheel vreemd is, klappende over d'ander woord op haar mond.” Prof. Du Plessis (werk alreeds genoem) bespreek hierdie aspek volledig.

Verder word in Hondius vertel dat hulle hulself Hottentotte noem en al singende uitroep „Hottentot Brokwa, Hottentot, Brokwa, ens.” en hierdeur te kenne wil gee „Geeft Hottentot een brok broot.” Waar hulle juis voor die koms van Van Riebeeck so 'n voorliefde vir brood ontwikkel het, is moeilik om te verstaan, en ons moet aanneem dat „brokwa” wel 'n ander betekenis het; te meer daar hulle nie geneig was om enige onderhandelinge met 'n vreemde nasie aan te knoop nie. Hulle was wantrouig, vals en dieftagtig.

Hulle handelsware was hoofsaaklik beperk tot beeste en skape waarvoor hulle liefs yster en koper ontvang het, asook „de tabak, ende Brandewyn die liefste dingen van allen.” Vir korale kon mens skilpaaie en volstruiseiers uitruil terwyl vir 'n weinig nuwe of ou yster of koper „men versgeryden slagh van Vee als Ossen en Sghapen ens. verkrygt.”

Die beeste van die Hottentotte word in Hondius se werk aldus beskrywe: „Zyn-der Grott, Dik, Sghoon en vleessigh, maar niet vet; zynde met bulten gelyk in Spag- nen, sommige hebben heel grootte Hoornen en ander wederom hebben geen Hoornen.” Daar was ook baie skape sonder wol en met bokhare bedek. Hulle was lank van been en van „zeer goeden smaak” te wyte aan die goeie gras en bossies. Die sterte was so groot as 'n hele skaapbout, het 8 tot 10 pond geweeg en was die ene vet. Op bygaande prent sien ons afbeeldings van hul skape en beeste terwyl die een Hottentot besig blyk te wees met 'n stuk derm in die hand. Let op die vuur in die verte en die Europese gesigte van die Hottentotte.

Hulle was nie onwillig om te werk nie en is by die bou van die fort gebruik en het later ook diens as soldate gedoen nadat hulle mak gemaak was. Dit alleen

moet as prestasie beskou word daar hulle volgens Hondius, sonder wet, Koning, „politien ofte ordinantien” was, en gevolglik moes geleer word om hulle by die nuwe gesag aan te pas. Hulle was „Kloek en Snel in 't lopen” en kon 'n bul inhard loop, hom aan die horings vang, of aan 'n agterpoot, en hom so tot stilstand dwing. Hulle het die geraas van die gewere gevrees maar het onderling telkens oorlog teen mekaar gevoer. Die pyl en boog en assegaaië, met breë ysterlemme, was hul vernaamste wapens.



Dit is interessant om te verneem dat byna elke Hottentot die besitter was van 'n hond met 'n kort stert en meestal rooi en swart kleur. Hierdie is een van die sterkste bewyse dat die Hottentotte afgestam het van immigrante uit Noordoostelike Afrika, daar hier geen wilde honde was wat as voorouer vir die makgemaakte hond kon gedien het nie en sy voorouers dus saam met hul base die land ingekom het, te meer daar die inheemse ras, die Boesmans, nie honde aangehou het nie, maar die immigrerende Bantoes wel. Die Hottentotte het vroeër as die Bantoes die land binne gedring.

Net soos die Arabiere het hulle in verskuifbare wonings gebly, in groepe van tot 20 en meer. Hierdie mat-tente of -hutte het aan „Verkens kotten” herinner met die vorm van 'n bakkersoond. Dun latte is in die grond geplant en met matte, van biesies gemaak, oorgetrek. Wanneer hulle dan wil trek is alles losgemaak en na hul volgende staanplek gedra of op die rug van 'n os gelaai wat met 'n houthakkie deur die neus maklik gelei kon word. Vlieë was destyds ook baie volop en gewoonlik het elke Hottentot 'n kort stok, met 'n jakkals- of wildekatstert daaraan vas, by hom gedra om die vlieë te verjaag of die sweet af te vee. In plaas van die dieresterte het hulle soms ook gebruik gemaak van volstruisvere.

Hondius sluit af met die aanhangsel dat die Strandlopers verklaar het, dat daar nog „andere stamme” in die binneland gewoon het wat onder goeie „wetten en

regulasies" gestaan het. Volgens later beskrywings het daar nog verskeie stamme Hottentotte die landstreek noordwaarts bewoon tot in die suide van die teenswoordige Suidwes-Afrika, hoofsaaklik aan albei oewers van die Oranjerivier vanaf sy monding ooswaarts tot waar die Vaal en die Oranje saamvloei.

Ons het voldoende getuigenis dat die Hottentotte in die vroegste dae van die volksplanting 'n gedugte volk was, met talryke stamme en heersers en bewoners van 'n groot strook van die westelike, suidelike en suid-oostelike deel van Suid-Afrika.

Die binneland was die terrein van die Boesmans en naas hulle het die nuutste immigrante, nl. die Bantoes, die land begin volloop. In die suide het die blankes geleidelik begin uitbrei en tussen hierdie maalstene het die Hottentotte, wat waarskynlik in die 13de of 14de eeu na Suidelike Afrika verhuis het, begin verbroekel. Deur lewensverliese en assimilasië is hulle tot so 'n mate verswelg, dat min of geen teken van die oorspronklike Hottentotte te vinde is.

Wat ongelukkig vandag onder die naam *Hotnot* deurgaans, is geen Hottentot nie. Intendeel is hul Hottentotbloed uitermate verdun deur verbasterings met Boesman, Bantoe, Maleier, Malgas, St. Helena, Indiër en selfs blanke. By baie sogenoemde Hotnots ontbreek die Hottentotbloed geheel en al. Die woord *Hotnot* dien alleen om verwarring in die etnografiese en antropologiese wêreld te skep daar baie buitelandse (en selfs ook binnelandse) antropoloë hierdie Hotnot aansien vir Hottentot en dus met onjuiste gegewens navorsingswerk aanpak wat alleen op valse gevolgtrekkings kan afstuur. Mag die dag spoedig aanbreek dat hierdie woord geheel en al verval as verwysing tot 'n spesifieke groep mense.